Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V1 MEMORANDUM

PUNTE: **70**

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Afgerig dui op papegaai-leerwerk. Met ander woorde die onderwyser leer die leerders die antwoorde op die vrae wat gevra gaan word. Onderrig dui op leerders wat leer wat hoëvlakvaardighede benodig. (Enige antwoord wat duidelik die verskil tussen die twee woord-betekenisse aandui) Beide moet aangedui word vir een punt.	(1)
1.2	Deur leerders aanhoudend te toets, sal nie die onderwysprobleme in Suid-Afrika laat verdwyn nie. EN dus sal dit nie baat om leerders af te rig vir 'n toets/eksamen en te hoop dat die onderwysprobleme sal verdwyn nie.	(2)
1.3	Sadou sê dat dit te duur gaan kos (veral omdat daar nog skole is sonder basiese geriewe.)	(1)
1.4	Assessering is daarop gemik om leerders se lees- en syfervaardighede op die regte vlak vir hul ouderdomsgroep te kry/om onderrig te verbeter/om kurrikulum en leer-omstandighede te verbeter/waardevolle data vir remediërende aksies in te samel/of leerders na die volgende graad kan vorder. (Enige 3 van bogenoemde)	(3)
1.5	Nee, ek stem nie saam nie. Slegs 11% van graad 9-leerders het verlede jaar die Wiskundevraestel van ANA's geslaag. OF Ja, met eie motivering.	(1)

Kopiereg voorbehou

1.6	Daar is groot probleme in die stelsel wat kundiges bekommerd het.	(1)
1.7	Nee, sy siening is nie bevooroordeeld nie aangesien dit op navorsing geskoei/gebaseer is	(1)
1.8	Toetse word elke jaar verskillend opgestel √/wat dit onmoontlik maak om geldige afleidings/of tussen verskillende graadgroepe en jare te maak. √	(2)
1.9	Feit "Navorsing wêreldwyd dui dit aan."	(2)
1.10	Meer leerders kan tersiêre onderwys bereik, √/maar die kwaliteit voornemende studente neem af/skiet te kort. √/Navorsings-, ontledings-, skryfvaardighede en eksperimentering neem af. √	(3)
1.11	Ja, ek stem saam, want onderwysers is onder geweldige druk oor slaagsyfers van gestandaardiseerde toetse. OF Nee, ek dink onderwysers is swak opgelei/doen nie genoeg moeite met die leerders nie.	(1)
1.12	Australië se stelsel berus op minder toetse. √ Hulle steun op dit wat leerders kan doen eerder as "punte" behaal in toetse. √ Brittanje se onderwysstandaaarde het geweldig agteruitgegaan as gevolg van hul obsessie met toetsing √ en die klem op voorbereiding vir toetse. √	(4)
1.13	Finland plaas die klem op die leerder wat ondersteun word/die onderwyser se rol is prominent en word bemagtig en erken./ Hulle lewer toppresteerders in internasionale toetse./ Hulle fokus op kreatiewe denke, wetenskap en tegnologie. (Enige 2)	(2)
1.14	Voortdurende toetsing verseker nie beter resultate nie.	(1)
TEKS 2: SPOTPRENT		
1.15	Dit beklemtoon die sogenaamde "prestasie" - eerste van die laaste sewe!"	(1)
1.16	Gewoonlik kry die top-presteerders pryse, √ terwyl dit hier die teenoorgestelde is: die sewe laastes/swakste presteerders word hier beloon. √	(2)
1.17	Die spotprent lewer kommentaar op die feit dat S.A. se onderwysstandaard so swak is/terwyl Teks 1 die feite beklemtoon deur die nodige navorsing en probleme deeglik uit te lig.	(2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal

- Verspreiding van punte vir taal:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- **Penaliseer soos volg:**
  - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
  - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

Kopiereg voorbehou

Aanhalings uit die teks:	**Eie woorde:**
• Oogkundiges beveel **ondersoeke elke twee jaar aan**.	• Laat ondersoek jou oë deur ’n oogkundige minstens elke twee jaar.
• **Eet dus gereeld groen blaargroentes.**	• Sorg dat jy gereeld voedingstowwe soos omega 3-vetsure, ens. inneem.
• **Rook verhoog jou kanse om katarakte,** skade aan die optiese senuwee en makulêre degenerasie **te kry**.	• Moenie rook nie, want dit kan jou oë beskadig.
• **Goeie sonbrille help jou oë** teen die skadelike ultravioletstrale van die son beskerm.	• Dra ’n goeie sonbril om jou oë te beskerm.
• **As jy sport beoefen waarin jou oë kan seerkry** of in ’n plek werk waar skadelike stowwe in jou oë kan beland, **moet jy ’n beskermende bril dra.**	• Beskerm jou oë as jy gevaarlike sport beoefen of as jy met skadelike stowwe werk.
• **As jy te lank na jou rekenaarskerm staar, ...**. **Probeer lig** op jou skerm **vermy** of gebruik ’n **spesiale skerm.**	• Vermy lig op jou rekenaarskerm of kry ’n spesiale skerm.
• **Knip jou oë meer gereeld** as dit droog voel.	• Knip jou oë gereeld as dit droog voel.

(65 woorde)

Besoek elke twee jaar ’n oogkundige vir ’n goeie ondersoek. Jy moet beslis omega-3 vetsure inneem en ook nie rook nie. As jy sport beoefen, beskerm jou oë met ’n goeie bril teen skadelike stowwe. Vermy lig op jou rekenaarskerm en knip jou oë gereeld om droogheid te voorkom.

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: TAAL

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Di**é** of DIE	(1)
3.2	P**ui**n Die rommel en stene na 'n aardbewing word puin genoem en dui die krag van die natuur aan./Die huis is in puin gelê na die aardbewing.	(1)
3.3	Skoolverlaters/voornemende studente/entrepreneurs	(1)
3.4	Voete spring/gee 'n tree na drome/sluit aan by "net 'n tree weg"	(1)
3.5	Die **net** waarin ek die **vis** wil vang, is stukkend./ Sy het 'n **net** om haar **hare** netjies te hou./ Die **net** van **leuens** span al stywer om hom./ Slaan die bal oor die **net**.	(1)
3.6	We**ë**	(1)
3.7	(Om te) kom	(1)
3.8	Mening Drome is nie bewysbaar nie.	(1)
3.9	Ly Ly aan 'n gebroke hart/siekte.	(1)
3.10	Verskillende lettergroottes/donker gedrukte woorde maak die woorde maklik leesbaar/beklemtoon die advertensie.	(1)

[10]

VRAAG 4: STROKIES

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Ma, ek het **(vreeslik/gister/moontlik/dalk)** aangejaag. Of ander soortgelyke antwoorde van die kandidaat.	(1)
4.2	Oorgang/gedagte onvoltooid	(1)
4.3	benodig	(1)
4.4	Wel**,** ...	(1)
4.5	Sy (ma) vra of hy met haar kredietkaart huiswerk op die internet gekoop het./ Sy (ma)/Die ma vra het hy huiswerk ... gekoop.	(1)
4.6	kul/fop/verneuk/skelm/korrup	(1)
4.7	Sy is ontsteld/geskok/verstom/kwaad/heftig/ontstoke.	(1)
4.8	Hy het verwag dat hy beter punte sou behaal aangesien hy sy huiswerk van die internet af gedoen het./ ...hy betaal het daarvoor.	(1)
4.9	Vertroueling	(1)
4.10	Hy is vertrou en was nie die vertroue waardig nie / Hy is die skelm en kan dus nie vertrou word nie./ Sy ouers voel hulle kan hom nie meer vertrou na sy bekentenis nie.	(1)
		[10]

VRAAG 5: RUBRIEK

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Uniforme voorkoms/tarief/reëling/salarisskaal/optrede	(1)
5.2	Europeër**s**/European**e**	(1)
5.3	**K**ersboom	(1)
5.4	sestienjarige	(1)
5.5	Modefoute/modebelaglikhede/modeblapse/dom modekeuses	(1)
5.6	tittewytende	(1)
5.7	Konnotatief√ Ouers sal nie werklik waansinnig, “mal” raak nie. √	(2)
5.8	Saamgestelde sin √ Meer as 1 gesegde kom voor √/ OF Daar is ’n hoofsin sowel as ’n bysin √	(2)
		[10]

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou